ROEIKUNS (C)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Met elementêre kennis toe te rus om eenvoudige watervaartuie veilig te kan gebruik.

B VEREISTES

Let Wel: Ander watervaartuie soos kajak, kano of vlotte kan ook gebruik word in plaas van ’n boot.

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Oor kennis van die volgende beskik:
   - watter weersomstandighede geskik of gevaarlik is vir roei.
   - watter riviere en damme geskik is om op te roei.
   - watter tipe kleredrag geskik is.
   - watter soort beskerming nodig is.
2. Beskik oor die volgende kennis van die vaartuig:
   - Die verskil ken tussen ’n kano, roeiboot, kajak en vlot.
   - Weet na watter deel van die boot die volgende terme verwys: bakboord, stuurboord, roeimik, lugkas, agterstewe, kiel, roeibank.
3. Weet hoe om veilig in die watervaartuig op te tree:
   - Korrek kan in- en uitklim en bewus wees van moontlike gevare en skade wat deur foutiewe gebruik veroorsaak kan word.
   - Weet hoe om in die boot te sit en te beweeg.
   - Minstens twee ure in ’n watervaartuig rondroei (nie aaneenlopend nie)
   - Passende dryfapparaat kan identifiseer, dit korrek aantrek en gebruik.
   - Bewus wees van die korrekte gebruik van die fluitjie.
4. Kennis maak met ’n roeispaan en sy gebruike:
   - Kennis neem van die vorm van ’n roeispaan en weet hoekom dit so lyk.
   - Die roeispaan kan hanteer.
   - Van die volgende vaarreëls kennis neem en verstaan: Hou regs, roeibote kry voorkeur, dan seilbote, dan motorbote, vinnige bote gaan agter stadige bote verby.
5. Versorging van ’n watervaartuig prakties doen:
   - Die watervaartuig vasmeer en as groep uit die water haal.
   - Die watervaartuig en toerusting skoonmaak.
   - Alle toerusting versorg en berg.
   - Weet hoe om ’n watervaartuig op land te hanteer.
6. Prakties vaar by verskeie geleenthede:
   - Moet tydens evaluering een kilometer ver kan roei.
   - Moet in staat wees om die watervaartuig te stuur en die nodige bevele vir draai en stop toe te pas.
7. Die volgende oefening moet onder veilige toestande, verkieslik in vlak water, plaasvind nadat die kind ingelig is oor hoe hulle moet optree:
   - sou ’n bemanningslid oorboord val.
   - weet wat om te doen, en dit ook prakties beleef, as die watervaartuig omdop.

C AANBIEDING

1. Aangesien hierdie spesialisasie besondere kennis en ervaring vra, moet u verkieslik van ŉ kenner gebruik maak vir die aanbiedings.
2. Die teorie sal beter vasgelê word as dit op skrif en met behulp van sketse aan die kinders oorgedra word.
3. Die kind kan nie na ŉ eenmalige roeisessie reeds al die vaardighede bemeester het nie. Gee dus ŉ hele aantal geleenthede, doen regstelling, gee hulp en raad en herinner aan die reëls en regulasies.